

Hoofstuk van die dag: Matteus 12

> *Daarom sê Ek vir julle: Elke sonde en lastering kan die mense vergewe word, maar die lastering teen die Heilige Gees kan nie vergewe word nie. (vers 31)*

Hierdie uitspraak van Jesus het baie mense benoud. Sê nou net

jy het iewers onwetend die sonde teen die Heilige Gees gepleeg? Dan is jy mos vir altyd verlore. Wat ’n vreeslike gedagte!
Kom ons kyk waaroor dit gaan. Jesus het pas ’n man wat in die mag van ’n bose gees was, genees. Toe die omstanders begin wonder of Hy dalk die Seun van Dawid, die Messias, is (vers 23), het die Fariseërs dit afgemaak en gesê dis duiwelswerk wat Jesus doen (vers 24). Jesus se antwoord is dat Hy die bose geeste deur die Gees van God uitdryf, nie deur Satan nie (vers 28).
Sonde teen die Heilige Gees is dus om die Gees se werk af te maak as duiwelswerk. Dit gaan oor teenstanders van die evangelie van Christus wat weier om God se reddingsdade as sy werk te erken, maar dit aan die duiwel toeskryf.
Jy wat glo, doen so omdat die Gees jou oortuig het dat Jesus die Here is. Dis die beste bewys dat jy nie aan hierdie sonde skuldig is nie.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook

- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026